Reproduced by Sabinet Online in terms of Government Printer's Copyright Authority No. 10505 dated 02 February 1998


# STAATSKOERANT
## VAN DIE REPUBLIEK VAN SUID-AFRIKA

## REPUBLIC OF SOUTH AFRICA
# GOVERNMENT GAZETTE

REGULASIEKOERANT No. 1084 — *As 'n Nuusblad by die Poskantoor Geregistreer*

PRYS 10c PRICE — OORSEE 15c OVERSEAS — POSVRY—POST FREE

REGULATION GAZETTE No. 1084 — *Registered at the Post Office as a Newspaper*

VOL. 43] PRETORIA, 17 JANUARIE 1969 / 17 JANUARY 1969 [No. 2266


## GOEWERMENTSKENNISGEWING

### DEPARTEMENT VAN HANDEL

No. R. 62 17 Januarie 1969

WET OP MATE EN GEWIGTE 1958

WYSIGING VAN REGULASIES

Die Staatspresident het, kragtens die bevoegdheid hom verleen by artikel 47 van die Wet op Mate en Gewigte, 1958 (Wet 13 van 1958), Dele I en II van die regulasies afgekondig by Goewermentskennisgewing R. 1425 van 31 Augustus 1962, gewysig soos in die Bylae hiervan uiteengesit.

BYLAE

(1) Die bestaande Deel I word hierby Deel II hernommer.

(2) Die bestaande Deel II word hierby deur die volgende Deel I vervang:—

DEEL I

VERKOOP EN INSPEKSIE VAN GOEDERE WAT IN HOEVEELHEID VOLGENS GEWIG, MAAT OF GETAL VERKOOP WORD

*Woordomskrywing*

1. In hierdie regulasies beteken "die Wet", die Wet op Mate en Gewigte, 1958 (Wet 13 van 1958), tensy uit die samehang anders blyk, het elke uitdrukking waaraan in daardie Wet 'n betekenis geheg word, die betekenis aldus daaraan geheg. Voorts, tensy strydig met die samehang, beteken—

(i) "afleweringsbrief" 'n afsonderlike stukkie papier van sodanige kleur en grootte dat 'n duidelike en leesbare verklaring maklik daarop gedoen kan word en waarop so 'n verklaring werklik aangebring is van al die inligting wat ingevolge die Wet en hierdie regulasies ten opsigte van goedere wat werklik aan 'n koper verkoop is, verstrek moet word; (vi)

(ii) "bier" die alkoholiese vloeistof wat verkry word deur die gisting van 'n moutbeslag, met of sonder graan, gegeur met hop en omvat ale, stout en enige ander drank wat as of onder die naam van bier, ale of stout gemaak of verkoop word, indien dit meer as 2 persent alkohol volgens volume bevat, dog sluit nie Bantoebier in nie; (iii)

## GOVERNMENT NOTICE

### DEPARTMENT OF COMMERCE

No. R. 62 17 January 1969

WEIGHTS AND MEASURES ACT, 1958

AMENDMENT OF REGULATIONS

The State President has, under the powers vested in him by section 47 of the Weights and Measures Act, 1958 (Act 13 of 1958), amended Parts I and II of the regulations published in Government Notice R. 1425, dated 31 August 1962, as set out in the Schedule hereto.

SCHEDULE

(1) The existing Part I is hereby renumbered Part II.

(2) The following Part I is hereby substituted for the existing Part II:—

PART I

SALE AND INSPECTION OF GOODS SOLD IN QUANTITY BY WEIGHT, MEASURE OR NUMBER

*Interpretation*

1. In these regulations "the Act" shall mean the Weights and Measures Act, 1958 (Act 13 of 1958), and unless the context otherwise indicates, any expression to which a meaning has been assigned in that Act shall have the meaning thus assigned to it. Further, unless contrary to the context—

(i) "authorised officer" means any duly appointed assizer or inspector furnished with proper written inspection authority issued by the Superintendent; (vi)

(ii) "bag" with reference to the goods specified in paragraph 16 of Part I of Schedule 6 to this Part means a quantity prescribed for any such products by proclamation in terms of section 41 of the Act; (xvii)

(iii) "beer" means the alcoholic liquid obtained by the fermentation of a mash of malt, with or without cereals, flavoured with hops and includes ale, stout and any other liquor made or sold as or under the name of beer, ale or stout if it contains more than 2 per cent by volume of alcohol, but does not include Bantu beer; (ii)

(iv) "bread" means any baked wheaten or rye product which is sold as or under the name of bread; (iii)

Reproduced by Sabinet Online in terms of Government Printer's Copyright Authority No. 10505 dated 02 February 1998



(iii) "brood" 'n gebakte koring- of rogproduk wat verkoop word as of onder die benaming brood; (iv)

(iv) "diktemaat" ten opsigte van omheiningsdraad, baal- of binddraad, of ogiesdraad, "Imperial Standard Wire Gauge", en die halwe diktenommer word geag die helfte van die som van die diktewaardes van enige twee agtereenvolgende diktenommers te wees, aldus—

No. 12 = 0·104
No. 13 = 0·092

2/0·196

0·098 = No. 12½ I.S.W.G.; (x)

(v) en omvat "droëvrugte" alle soorte dadels, suikerskil, glans- en gekristalliseerde vrugte en die onderstaande gedroogde boom- en wingerdvrugte:—

Appels, appelkose, korente, gedroogde vrugteslaai, (gemengde droë vrugte), vye, mebos, gemaalde droëvrugte, muskadelle, kaalperskes, perskes, pere, pruime, pruimedante, rosyntjies en sultanas; (vii)

(vi) "gemagtigde amptenaar" 'n behoorlik aangestelde ykbeampte of inspekteur voorsien van behoorlike skriftelike inspeksiemagtiging wat deur die Superintendent uitgereik is;

(vii) "goedere in vooraf verpakte vorm" 'n artikel of handelsware wat op een of ander wyse voor die tyd van verkoop as 'n enkeleenheid of enkelhoeveelheid opgemaak of verpak is, òf sodanige eenheid of hoeveelheid ook al oningeslote òf ten volle of gedeeltelik ingeslote is of binne-in of op enige soort beperkende middel is of daaraan vasgeheg of daarom gedraai is; (xi)

(viii) "herbruikbare houer" 'n glas- of plastiekbottel wat gewoonlik meer as een maal vir die verkoop van 'n vloeistofproduk volgens inhoudsmaat gebruik word of waarskynlik aldus gebruik sal word; (xix)

(ix) "huishoudelike of wasgoedseep" seep, uitgesonderd "suiwer seep" of "medisinale seep", wat in stene of in koekievorm gemaak is; (xii)

(x) "inheemse kreupelhout" ongekloofde hout wat uit die natuurlike bosse van die Republiek verkry word; (xiii)

(xi) "juis" met betrekking tot die gewig, maat of getal van 'n hoeveelheid goedere, juis binne die perke van onnoukeurigheid in hierdie deel van die regulasies gespesifiseer; (v)

(xii) "likeur" 'n drank met 'n alkoholgehalte van minstens 30 persent alkohol volgens volume en wat minstens 30 gram suiker per liter bevat, vervaardig òf—

(a) deur vars of gedroogde vrugte of skille van aromatiese plante, blare, kruie, wortels of sade in gerektifiseerde spiritus of in brandewyn te week, waarby daarna 'n stroop gemaak van suiwer rietsuiker of heuning gevoeg is; òf

(b) deur herdistillering van 'n geweekte ekstrak wat berei is soos in paragraaf (a) beskryf, by die gevolglike distillaat waarvan 'n stroop van suiwer rietsuiker of heuning gevoeg is; (xiv)

(xiii) "medisinale seep" seep wat spesiale antiseptiese of soortgelyke bestanddele bevat en wat voldoen aan die standaard van gehalte wat voorgeskryf word by die regulasies ingevolge die Wet op Voedingsmiddels, Medisyne en Ontsmettingsmiddels, No. 13 van 1929; (xvi)

(xiv) "medisyne en voedingsmiddel" onderskeidelik dieselfde soos bedoel in die Wet op Voedingsmiddels, Medisyne en Ontsmettingsmiddels, No. 13 van 1929; (viii)

(xv) "melk", sonder om die gewone betekenis daarvan te beperk, ook vars melk, gepasteuriseerde, gesteriliseerde, gehomogeniseerde of afgeroomde melk; (xvii)

(v) "correct" with reference to the weight, measure or number of a quanity of goods, means correct within the limits of error specified in this Part of the regulations; (xi)

(vi) "delivery note" means any separate piece of paper of such colour and size as readily to permit of a clear and legible statement being made thereon and actually bearing such a statement of all information required by the Act and these regulations to be furnished in respect of any goods actually sold to a purchaser; (i)

(vii) "dried fruit" means and includes all kinds of dates, candied peel, glacé and crystallised fruits and the following dried tree and vine fruits:—

Apples, apricots, currants, dried fruit salad (mixed dried fruits), figs, mebos, minced dried fruit, muscatels, nectarines, peaches, pears, plums, prunes, raisins and sultanas; (v)

(viii) "drugs and food" have the same meanings respectively as for the purposes of the Food, Drugs and Disinfectants Act, 13 of 1929; (xiv)

(ix) "fertilizer" means any substance which is intended or sold to be used for improving or maintaining the growth of plants or the productivity of the soil and which is registered under Act 36 of 1947 as a fertilizer; (xvi)

(x) "gauge of thickness" in respect of fencing wire, baling or binding wire or wire netting means:—

Imperial Standard Wire Gauge, and the half gauge shall be deemed to be half the sum of the thickness values of any two consecutive gauges thus—

No 12 = 0·104
No. 13 = 0·092

2/0·196

0·098 = No. 12½ I.S.W.G.; (iv)

(xi) "goods in pre-packed form" means any article or commodity made up or packaged in any manner as a single unit or as a single quantity prior to the time or sale whether such unit or quantity is unenclosed or wholly or partly enclosed or is inside or on, attached to or wound round any type of confining medium; (vii)

(xii) "household or laundry soap" means soap made in bars or tablets other than "pure soap" or "medicated soap"; (ix)

(xiii) "indigenous brushwood" means unsplit wood obtained from the natural forests of the Republic; (x)

(xiv) "liqueur" means a beverage of an alcoholic strength not lower than 30 per cent of alcohol by volume and which contains not less than 30 grams of sugar per litre, produced either—

(a) by maceration in rectified spirit or in brandy of fresh or dried fruit or peels of aromatic plants, leaves, herbs, roots or seeds, to which has been added subsequently a syrup made of pure cane sugar or honey; or

(b) by redistillation of a macerated extract, prepared as described in paragraph (a), to the resulting distillate of which a syrup made from pure cane sugar or honey has been added; (xii)

(xv) "meat" means meat of any description whether fresh, pickled, salted, chilled, frozen, cooked or processed, and includes all dressed carcases, cuts, joints, soup meat, liver, dressed poultry, venison, biltong, polony, sausages, boerewors, minced meat, brawn, meat pastes, oxtails and tongues, but excludes hearts, heads, plucks, feet, kidneys, hares, rabbits and live poultry; (xix)

Reproduced by Sabinet Online in terms of Government Printer's Copyright Authority No. 10505 dated 02 February 1998



(xvi) "misstof" 'n stof wat bedoel is of verkoop word om gebruik te word ten einde die groei van plante of die grondproduktiwiteit te verbeter of in stand te hou en wat kragtens Wet 36 van 1947 as 'n misstof geregistreer is; (ix)

(xvii) "sak", met betrekking tot die goedere wat in paragraaf 16 van Deel I van Bylae 6 van hierdie deel gespesifiseer word, 'n hoeveelheid wat vir enige sodanige produkte voorgeskryf is deur proklamasie ingevolge artikel 41 van die Wet; (ii)

(xviii) "suiwer seep", seep wat minstens 62 persent vetsure bevat waarvan hoogstens een kwart vervang kan word deur harssure of meer as 0·1 persent vry bytalkali, bereken as natriumhidroksied (NaOh), en wat gemerk is: "suiwer", "suiwerste", "beste", "superieur" "keurigste", "eerstegraad", "eerstegehalte", "No. 1-gehalte", "A.1.-gehalte", "hoogste graad", "hoogste gehalte", of enige ander woorde wat besondere uitmuntendheid of voortreflikheid aandui of suggereer; (xviii)

(xix) "vleis", vleis van enige soort hetsy vars, ingelê, gesout, verkoel, bevries, gekook of verwerk, en omvat alle gedresseerde karkasse, vleisstukke, snyvleis, sopvleis, lewer, skoongemaakte pluimvee, wildsvleis, biltong, polonie, wors, boerewors, gemaalde vleis, sult, vleissmeer, beessterte en -tonge, dog omvat nie harte, koppe, harslagte, kloutjies, niere, hase, konyne en lewende pluimvee nie. (xv)

MAGTIGING OM TE INSPEKTEER EN TE WEEG OF TE MEET

2. (1) 'n Gemagtigde amptenaar kan te alle redelike tye—

(a) 'n perseel, plek of voertuig waar goedere verkoop word, binnegaan;

(b) 'n persoon of voertuig voorkeer wat goedere vir aflewering aan 'n koper vervoer;

(c) sodanige goedere ondersoek en weeg, meet of tel om vas te stel of die bepalings van die Wet en van die regulasies van hierdie Deel nagekom is en kan 'n geykte of herykte weeg-, meet- of telinstrument, gewig of maat wat op of by die perseel, plek of voertuig waarop of waarby sodanige goedere gevind word of vanwaar hulle vir verkoop vervoer word, vir gemelde doel gebruik;

(d) indien nodig, sodanige aantal hoeveelhede goedere in vooraf verpakte vorm oopmaak as wat hom in staat sal stel om vas te stel of die bepalings van die Wet en van die regulasies van hierdie Deel nagekom is ten opsigte van die hoeveelheid van die goedere per gewig, maat of getal;

(e) van die verkoper van sodanige goedere of sy agent die voorlegging vir ondersoek eis van fakture, afleweringsbriewe of ander geskrifte wat deur hom gehou word en wat op die afweeg, afmeet of aftel daarvan betrekking het;

(f) van die verkoper of sy agent sodanige hulp eis as wat vir die afweeg, afmeet of aftel van sodanige goedere nodig mag wees;

(g) op goedere, fakture, afleweringsbriewe of ander geskrifte wat die basis van 'n strafsaak ingevolge die Wet of hierdie regulasies mag uitmaak, beslag lê en dit in besit neem vir voorlegging aan en beskikking deur 'n hof met regsbevoegheid.

*Pligte van 'n Polisiebeampte of Gemagtigde Amptenaar*

(2) 'n Polisiebeampte of gemagtigde amptenaar wat 'n weeg- of meetinstrument, gewig of maat wat in die handel gebruik word of wat vir sodanige gebruik in besit gevind word, ondersoek het vir die doel om vas te stel of sodanige

(xvi) "medicated soap" means any soap containing special antiseptic or similar ingredients and conforming to the standard of quality prescribed by the regulations under the Food, Drugs and Disinfectants Act 13 of 1929; (xiii)

(xvii) "milk", without limiting its ordinary meaning, includes fresh, pasteurised, sterilised, homogenised or skimmed milk; (xv)

(xviii) "pure soap" means any soap which contains not less than 62 per cent of fatty acids of which not more than one-quarter may be replaced by resin acids or more than 0.1 per cent of free caustic alkali, calculated as sodium hydroxide (NaOH) and which is marked: "pure", "purest", "best", "superior", "finest", "first grade", "first quality", "No. I quality", "A.1 quality", "highest grade", "highest quality" or with any other words indicating or suggesting special excellence or superiority; (xviii)

(xix) "re-usable container" means a glass or plastic bottle normally being used more than once for the sale of any liquid product by measure of capacity or likely to be so used. (viii)

AUTHORITY TO INSPECT AND WEIGH OR MEASURE

2. (1) Any authorised officer may at all reasonable times—

(a) enter any premises, place or vehicle where goods are sold;

(b) stop any person or vehicle carrying goods for delivery to a purchaser;

(c) inspect and weigh, measure or count any such goods in order to ascertain whether the provisions of the Act and of the regulations of this Part have been complied with, and may for the said purpose use any assized or re-assized weighing, measuring or counting instrument, weight or measure, which is upon or at the premises, place or vehicle upon or at which such goods are found or from which they are carried for sale;

(d) if necessary, open such number of quantities of goods in pre-packed form as will enable him to ascertain whether the provisions of the Act and of the regulations of this Part have been complied with in respect of the quantity by weight, measure or number of the goods;

(e) require from the seller of any such goods or his agent the production for inspection of any invoices, delivery notes or other writings kept by him and relating to the weighing, measuring or counting thereof;

(f) require from the seller or his agent such assistance as may be necessary for the purpose of weighing, measuring or counting such goods;

(g) seize and detain any goods, invoices, delivery notes or other writings which may form the basis of criminal proceedings under the Act or these regulations for production to and disposal by a competent Court.

*Duties of Policeman or Authorised Officer*

(2) Any policeman or authorised officer who inspected any weighing or measuring instrument, weight or measure used in trade or found in possession for such use for the purpose of establishing whether such weighing or measuring instrument, weight or measure had been assized or

Reproduced by Sabinet Online in terms of Government Printer's Copyright Authority No. 10505 dated 02 February 1998



weeg- of meetinstrument, gewig of maat in ooreenstemming met die bepalings van die Wet geyk of heryk was, stel nie strafregtelike stappe in nie tensy hy 'n beëdigde verklaring van 'n ykbeampte van 'n streekkantoor van mate en gewigte van dié gebied waarin sodanige weeg- of meetinstrument, gewig of maat gevind is, verkry het, wat aan 'n hof sal aantoon dat die inskrywings gewys het dat die weeg- of meetinstrument, gewig of maat wat die basis van 'n strafsaak uitmaak, nie ten tye van die ondersoek, van yking of heryking ingevolge artikel 18 van die Wet vrygestel was nie of nie van heryking vrygestel was ten gevolge daarvan dat dit 'n kontrakinstrument was nie soos in artikel 22 (2) van die Wet vermeld word, of dat sodanige weeg- of meetinstrument, gewig of maat ten tyde van die ondersoek nie onder dekking van 'n skriftelike kennisgewing ooreenkomstig die bepalings van paragrawe (b) en (c) van artikel 22 (1) van die Wet was nie.

*Magtiging om Onttrekking van Goedere van Verkoping te Gelas*

(3) 'n Gemagtigde amptenaar wat goedere ondersoek en gevind het dat sodanige goedere nie aan die vereistes van die bepalings van hierdie Deel voldoen nie, kan daarna die verantwoordelike persoon of sy agent òf mondelings òf skriftelik gelas om die geheel van sodanige goedere of 'n deel daarvan van verkoping te onttrek of om sodanige ander handeling as wat vir die beskerming van moontlike kopers nodig geag word, uit te voer.

*Versuim om Aan 'n Bevel te Voldoen is 'n Oortreding*

(4) 'n Persoon wat in gebreke bly om gevolg te gee aan 'n bevel wat gegee word of 'n vereiste wat gestel word ingevolge paragrawe (b), (e) en (f) van subregulasie (1) of ingevolge subregulasie (3) van hierdie regulasie, of wat 'n gemagtigde amptenaar by die uitoefening van sy pligte hinder of andersins dwarsboom, maak hom aan 'n misdryf skuldig.

GOEDERE GEAG VIR VERKOOP TE WEES

3. Alle goedere wat in massa of in vooraf verpakte vorm gehou word, indien dit op 'n perseel, plek of voertuig waar of van waar handel gedryf word, gevind word, word geag vir verkoop te wees, tensy die teenoorgestelde bewys word.

GOEDERE VIR UITVOER BESTEM

3A. Die bepalings van hierdie Deel is nie van toepassing nie op goedere wat vir verkoop buite die Republiek bestem is, met dien verstande dat wanneer 'n gemagtigde amptenaar sodanige goedere wat nie aan die bepalings van hierdie Deel voldoen nie op die perseel van 'n vervaardiger of verpakker daarvan vind, die vervaardiger of verpakker aan die gemagtigde amptenaar bewys moet lewer ten effekte dat die betrokke goedere vir uitvoer bestem is.

GEWIG, MAAT OF GETAL VAN GOEDERE SOOS DEUR GEMAGTIGDE AMPTENAAR BEPAAL, MOET AS WERKLIKE GEWIG, MAAT OF GETAL AANGENEEM WORD

4. Waar, kragtens regulasie 2 (1) (c) van hierdie Deel, 'n gemagtigde amptenaar, voorsien van 'n skriftelike inspeksiemagtiging wat deur die Superintendent uitgereik is, 'n geykte of herykte weeg-, meet- of telinstrument, gewig of maat wat aan 'n ander persoon behoort, gebruik het, of waar hy 'n amptelike weeg-, meet- of telinstrument, gewig of maat gebruik het ten einde die gewig, maat of getal van goedere te bepaal, moet die gewig, maat of getal wat deur sodanige weeg-, meet- of telinstrument, gewig of maat aangedui word, in 'n strafsaak ingevolge

re-assized in accordance with the provisions of the Act, shall not institute criminal proceedings unless he shall have obtained a sworn affidavit from an assizer of the regional weights and measures office of the area in which such weighing or measuring instrument, weight or measure has been found, which will indicate to a court that the records showed that the weighing or measuring instrument, weight or measure which forms the basis of criminal proceedings, had at the time of inspection not been exempted from assizing or re-assizing under section 18 of the Act or from re-assizing by reason of its having been a contract instrument as specified in section 22 (2) of the Act, or that such weighing or measuring instrument, weight or measure had at the time of inspection not been under cover of a written notification in terms of the provisions of paragraphs (b) and (c) of section 22 (1) of the Act.

*Authority to Order Withdrawal of Goods from Sale*

(3) Any authorised officer who has inspected any goods and who has found that such goods do not meet the requirements of the provisions of this Part, may thereafter order the responsible person or his agent either verbally or in writing, to withdraw the whole of such goods or any part thereof from sale or to carry out such other act as may be deemed necessary for the protection of prospective purchasers.

*Failure to Comply with an Order is an Offence*

(4) Any person who fails to comply with an order given or requirement made under paragraphs (b), (e) and (f) of subregulation (1) or under subregulation (3) of this regulation, or who hinders or otherwise obstructs an authorised officer in the exercise of his duties, shall be guilty of an offence.

GOODS DEEMED TO BE FOR SALE

3. All goods kept in bulk or in pre-packed form, if found on any premises or place where or from where or vehicle where or from which trade is carried on, shall be deemed to be for sale unless the contrary is proved.

GOODS DESTINED FOR EXPORT

3A. The provisions of this Part shall not apply to goods destined for sale outside the Republic, provided that when an authorised officer finds any such goods which do not comply with the provisions of this Part at the premises of a manufacturer or packer thereof, the manufacturer or packer shall produce proof to the authorised officer to the effect that the goods concerned are destined for export.

WEIGHT, MEASURE OR NUMBER OF GOODS AS DETERMINED BY AUTHORISED OFFICER TO BE ACCEPTED AS ACTUAL WEIGHT, MEASURE OR NUMBER

4. Where, in terms of regulation 2 (1) (c) of this Part, an authorised officer furnished with a written inspection authority by the Superintendent, has used an assized or re-assized weighing, measuring or counting instrument, weight or measure belonging to any other person, or where he has used an official weighing, measuring or counting instrument, weight or measure in order to determine the weight, measure or number of any goods, the weight, measure or number indicated by any such weighing, measuring or counting instrument, weight or measure shall

Reproduced by Sabinet Online in terms of Government Printer's Copyright Authority No. 10505 dated 02 February 1998



die Wet of die regulasies van hierdie Deel, geag word die werklike gewig, maat of getal van sodanige goedere te wees, tensy die teenoorgestelde bewys word.

## AFLEWERINGSBRIEWE

*Moet Goedere wat Afgelewer Word, Vergesel*

5. (1) Uitgesonderd waar in hierdie regulasie anders bepaal word en behoudens die bepalings van regulasie 13 (4) en (9) van hierdie Deel, moet goedere wat ingevolge 'n verkoping per gewig, maat of getal aan 'n koper versend, vervoer of afgelewer word, van 'n korrek gedateerde afleweringsbrief, faktuur of ander geskrif wat die name en adresse van die verkope en die koper aangee, vergesel gaan, en, tensy die hoeveelheid van sodanige goedere op die wyse wat deur regulasie 9 van hierdie Deel voorgeskryf word op die goedere aangedui is, of tensy sodanige afleweringsbrief vergesel is van 'n kasregisterstrokie wat 'n lys van aparte pryse wat onderskeidelik elke kleinhandelprys wat op elke aparte item of hoeveelheid goedere aangetoon is, bevat, moet dit ook 'n duidelike en leesbare verklaring van die hoeveelheid van sodanige goedere per netto gewig, inhoudsmaat, kubieke inhoud, oppervlakte, afmetings, lengte of getal bevat, na gelang van die geval: Met dien verstande dat—

*Vrystellings*

(a) 'n afleweringsbrief, faktuur of ander geskrif nie die goedere hoef te vergesel nie—

(i) waar die goedere onverwerkte of onvervaardigde landbouprodukte, room of melk is wat in die Republiek geproduseer is en sodanige goedere deur of ten behoewe van die produsent daarvan ingevolge 'n massaverkoping versend, vervoer of afgelewer word;

(ii) waar die goedere, nadat dit uit massa geneem is, ten tye van verkoop in die teenwoordigheid van die koper of sy agent geweeg, gemeet of getel word, na gelang van die geval, en sodanige goedere by dieselfde geleentheid en op die perseel van die verkoper aan die koper of sy agent afgelewer word;

(iii) waar 'n koper of sy agent die goedere op die perseel van die verkoper persoonlik bestel deur die hoeveelheid van die goedere wat voorsien moet word, te vermeld en sodanige goedere, nadat dit uit massa geneem en in vooraf verpakte vorm opgemaak is ten tye van verkoop sonder dat dit in die teenwoordigheid van die koper of sy agent geweeg, gemeet of getel is, na gelang van die geval, by dieselfde geleentheid en op die perseel van die verkoper aan die koper of sy agent afgelewer word, voorts met dien verstande dat die hoeveelheid van die goedere wat voorsien word ooreenstem met dié wat bestel is of wanneer dit enige ander hoeveelheid is, sodanige ander hoeveelheid aan die koper of sy agent deur die verkoper verklaar word wanneer dit gelewer word;

(iv) waar die hoeveelheid van die goedere wat by 'n kleinhandeltransaksie voorsien moet word deur die koper of sy agent òf mondelings òf by implikasie by die plek van die koper aangedui word en bedoelde goedere aan die koper of sy agent by dieselfde geleentheid en op daardie plek afgelewer word in vooraf verpakte vorm wat òf 'n verklaring van die hoeveelheid van bedoelde goedere op die wyse wat deur regulasie 9 van hierdie Deel voorgeskryf is, bevat, òf goedere is wat in items 1 (a), 2, 3, 4 of 5 van Bylae 4 van hierdie deel gespesifiseer is;

*Goedere wat Geweeg of Gemeet moet word na Versending*

(b) waar goedere wat aan 'n koper ingevolge 'n massaverkoping versend is, op pad na of by die afleweringsplek geweeg of gemeet moet word, word die afleweringsbrief,

in any criminal proceedings under the Act or the regulations of this Part, be deemed to be the actual weight, measure or number of such goods unless the contrary is proved.

## DELIVERY NOTES

*To Accompany Goods Delivered*

5. (1) Except where otherwise provided in this regulation and subject to the provisions of regulations 13 (4) and (9) of this Part, any goods transmitted, conveyed or delivered to a purchaser in pursuance of a sale by weight, measure or number shall be accompanied by a correctly dated delivery note, invoice or other writing stating the names and addresses of the seller and the purchaser, and, unless the quantity of such goods is indicated on the goods in the manner prescribed by regulation 9 of this Part, or unless such delivery note is accompanied by a cash register slip which contains a list of separate prices respectively corresponding to each retail price marked on each searate item or quantity of goods, also bearing a clear and legible statement of the quantity of such goods by net weight, measure of capacity, cubic content, area, dimensions, length or number, as the case may be: Provided that—

*Exemptions*

(a) a delivery note, invoice or other writing need not accompany the goods—

(i) where the goods are unprocessed or unmanufactured agricultural produce, cream or milk which have been produced in the Republic and such goods are transmitted, conveyed or delivered in pursuance of a sale in bulk by or on behalf of the producer thereof;

(ii) where the goods, after having been taken from bulk, are weighed, measured or counted, as the case may be, in the presence of the purchaser or his agent at the time of sale and such goods are delivered to the purchaser or his agent on the same occasion and on the premises of the seller;

(iii) where a purchaser or his agent in person orders the goods at the premises of the seller, stating the quantity of the goods to be supplied, and such goods, after having been taken from bulk and made up in prepacked form at the time of sale without having been weighed, measured or counted in the presence of the purchaser or his agent, as the case may be, are delivered to the purchaser or his agent on the same occasion and on those premises, provided further that the quantity of the goods supplied is in accordance with that ordered or when of some other quantity, such other quantity is declared to the purchaser or his agent by the seller when being delivered;

(iv) where the quantity of the goods to be supplied in a transaction by retail is specified by the purchaser or his agent either verbally or by implication at the premises of the purchaser and such goods are delivered to the purchaser or his agent on the same occasion and on those premises in pre-packed form either bearing a statement of the quantity of such goods in the manner prescribed by regulation 9 of this Part or being goods specified in item Nos. 1 (a), 2, 3, 4 or 5 of Schedule 4 to this Part;

*Goods to be Weighed or Measured after Despatching*

(b) where goods which have been despatched to a purchaser in pursuance of a sale in bulk are to be weighed or measured en route to or at the place of

Reproduced by Sabinet Online in terms of Government Printer's Copyright Authority No. 10505 dated 02 February 1998



faktuur of ander geskrif wat sodanige goedere vergesel tot daardie strekking geëndosseer en die verklaring van die hoeveelheid word onmiddellik nadat die netto gewig of die maat van die goedere bepaal is, ingevoeg, voorts met dien verstande dat, waar die verklaring van die hoeveelheid in die vorm van 'n gedrukte kaartjie is wat van 'n persoon in beheer van die instrument wat vir die bepaling van die netto gewig of die maat van die goedere gebruik word, verkry is, word sodanige kaartjie onmiddellik nadat die hoeveelheid van die goedere bepaal is en voordat die afleweringsbrief, faktuur of ander geskrif aan die koper of sy agent oorhandig word, aan die afleweringsbrief, faktuur of ander geskrif geheg;

*Gewig by Implikasie*

(c) 'n afleweringsbrief, faktuur of ander geskrif wat sakke vergesel wat onvervaardigde graansoorte, grondboontjies, patats, aartappels, uie of sonneblomsaad bevat wat ooreenkomstig regulasie 8 (2) van hierdie Deel toegelaat is om, wat gewig betref, ongemerk te wees wanneer dit die gewig per sak bevat soos voorgeskryf deur 'n proklamasie ingevolge artikel 41 (5) van die Wet, 'n verklaring van die getal sakke wat ingevolge 'n verkoping afgelewer moet word, mag bevat in die plek van die verklaring van gewig, en die verklaring van die getal sakke word geag te beteken dat elke sodanige sak die gewig bevat wat aldus voorgeskryf word;

*Wyse van Aanduiding van Hoeveelheid van Sekere Ongemerkte Goedere*

(d) 'n afleweringsbrief, faktuur of ander geskrif wat goedere vergesel wat ooreenkomstig regulasie 8 (2) van hierdie Deel toegelaat is om, wat gewig of maat betref, ongemerk te wees en in Items 3, 4, 5 en 14 van Bylae 4 van hierdie Deel gespesifiseer word, 'n verklaring moet bevat van die aantal vooraf verpakte eenhede van elke voorgeskrewe hoeveelheid wat afgelewer moet word asook van die gewig of maat van die onderskeie verskillende hoeveelhede;

*Goedere wat in Massa per Spoor Versend word*

(e) waar onvervaardigde graansoorte in sakke waarvan die hoeveelheid nie daarop aangedui is nie aan 'n koper ingevolge 'n massaverkoping per spoor versend word, die afleweringsbrief, faktuur of ander geskrif wat sodanige goedere vergesel die naam en adres van die agent van die verkoper mag aangee in plaas van die naam en adres van die verkoper en 'n verklaring van die hoeveelheid per bruto gewig in plaas van netto gewig mag hê.

*Pligte van Iemand wat Goedere Vervoer*

(2) Iemand wat in besit is van 'n afleweringsbrief, faktuur of ander geskrif wat in verband staan met goedere wat deur hom ingevolge 'n verkoping versend, vervoer of afgelewer word—

(a) moet sodanige aflewerinfsbrief, faktuur of ander geskrif aan 'n gemagtigde amptenaar toon wanneer hy aldus deur hom versoek word;

(b) moet, in die geval waar die goedere in ongemerkte sakke is of waar die gewig of maat van 'n massahoeveelheid goedere op pad na die afleweringsplek ingeskryf is, sodanige afleweringsbrief, faktuur of ander geskrif aan die koper of sy agent oorhandig voordat enige gedeelte van die goedere afgelaai is;

(c) moet, in die geval waar die hoeveelheid van die goedere per netto gewig of maat by die afleweringsplek bepaal is, sodanige afleweringsbrief, faktuur of ander geskrif aan die koper of sy agent oorhandig voordat sodanige plek verlaat word.

delivery, the delivery note, invoice or other writing accompanying such goods shall be endorsed to that effect and the statement of quantity shall be inserted immediately after the net weight or the measure of the goods has been determined, provided further that, where the statement of quantity is in the form of a printed ticket which has been obtained from a person in charge of the instrument used for determining the net weight or the measure of the goods, such ticket shall be attached to the delivery note, invoice or other writing immediately after the quantity of the goods has been determined and before the delivery note, invoice or other writing is handed over to the purchaser or his agent;

*Weight by Implication*

(c) a delivery note, invoice or other writing accompanying bags containing unmanufactured cereals, groundnuts, sweet potatoes, potatoes, onions or sunflower seed which are permitted in terms of regulation 8 (2) of this Part to be unmarked as to weight when containing the weight per bag prescribed by a proclamation under section 41 (5) of the Act, may bear a statement of the number of bags to be delivered in pursuance of a sale instead of the statement of weight and the statement of the number of bags shall be deemed to imply that each such bag contains the weight so prescribed;

*Manner of Indicating Quantity of Certain Unmarked Goods*

(d) a delivery note, invoice or other writing accompanying goods specified in Item Nos. 3, 4, 5 and 14 of Schedule 4 to this Part which are permitted in terms of regulation 8 (2) of this Part to be unmarked as to weight or measure shall contain a statement of the number of pre-packed units of each prescribed quantity to be delivered as well as the weight or measure of the respective different quantities;

*Goods Despatched in Bulk by Rail*

(e) where unmanufactured cereals in bags of which the quantity is not indicated thereon are despatched by rail to a purchaser in pursuance of a sale in bulk, the delivery note, invoice or other writing accompanying such goods may indicate the name and address of the agent of the seller instead of the name and address of the seller and a statement of the quantity by gross weight instead of by net weight.

*Duties of Person Conveying Goods*

(2) Any person who is in possession of a delivery note, invoice or other writing relating to any goods being transmitted, conveyed or delivered by him in pursuance of a sale shall—

(a) exhibit such delivery note, invoice or other writing to any authorised officer when so requested by him;

(b) in the case where the goods are contained in unmarked bags or where the weight or measure of a bulk quantity of goods has been entered en route to the place of delivery, hand over such delivery note, invoice or other writing to the purchaser or his agent before any part of the goods is off-loaded;

(c) in the case where the quantity by net weight or measure of the goods has been determined at the place of delivery, hand over such delivery note, invoice or other writing to the purchaser or his agent before leaving such place.

Reproduced by Sabinet Online in terms of Government Printer's Copyright Authority No. 10505 dated 02 February 1998



*Handelaars moet Afleweringsbriewe Behou*

(3) 'n Afleweringsbrief, faktuur of ander geskrif uitgereik ten opsigte van goedere afgelewer ingevolge 'n verkoping aan 'n handelaar en wat aan die handelaar of sy agent ten tyde van die aflewering oorhandig is, moet deur hom behou word vir 'n tydperk van minstens 48 uur na ontvangs, gedurende welke tydperk dit byderhand gehou en aan 'n gemagtigde amptenaar op aanvraag getoon moet word.

VERKOPER OF INVOERDER VERANTWOORDELIK VIR JUISTE HOEVEELHEID VAN GOEDERE IN VOORAFVERPAKTE VORM ONTVANG

6. 'n Persoon wat goedere in voorafverpakte vorm in sy besit het vir verkoop of wat sodanige goedere invoer wat 'n verklaring van die hoeveelheid per netto gewig, inhoudsmaat, kubieke inhoud, oppervlakte, afmetings, lengte of getal bevat, of wat ooreenkomstig 'n bepaling van hierdie Deel 'n sekere hoeveelheid per netto gewig of inhoudsmaat geag word te wees, moet dié nodige voorsorg neem om te verseker dat, behoudens 'n toepaslike afwyking wat ooreenkomstig 'n regulasie van hierdie Deel toegelaat word, die werklike hoeveelheid van die goedere dié hoeveelheid is wat voorgegee word, afgesien van die herkoms van sodanige goedere.

VOORSIENING VIR AFWYKINGS INGEVOLGE ARTIKEL 31 EN 43 VAN DIE WET

*Onnoukeurigheidsperke vir Goedere in Voorafverpakte Vorm per Gewig of Maat Verkoop*

7. (1) (a) Behalwe soos in subregulasies (2), (4), (5) en (6) van hierdie regulasie of in regulasies 8 (1), 9 (4) (c) (iii), 13, 14 en 15 van hierdie Deel bepaal word, moet 'n verskil tussen die werklike en die voorgegewe netto gewig, inhoudsmaat, kubieke inhoud, oppervlakte, afmetings of lengte van 'n hoeveelheid goedere in voorafverpakte vorm te koop, binne die onnoukeurigheidsperke wees soos in Tabelle I tot V in Bylae 1 van hierdie Deel gespesifiseer, onderhewig aan 'n verdere bepaling van hierdie subregulasie;

(aA) tensy in die geval van 'n strafsaak vir 'n oortreding ingevolge hierdie paragraaf ten opsigte van 'n vloeistof in glasbottels en sonder om afbreuk te doen aan die bepalings in paragraaf (a) voorgeskryf, dit bewys word dat die verpakker op die grootte van sodanige bottels staatgemaak het om die voorgegewe hoeveelheid vloeistof te bepaal en dat hy bedoelde bottels gevul het tot by die hoogte aan hom deur die vervaardiger of verskaffer daarvan gespesifiseer of tot by die hoogte te kenne gegee in 'n ooreenkoms of spesifikasie waarvolgens die betrokke bottels aan die verpakker vir bedoelde gebruik, vervaardig en verskaf is—

(i) moet die gemiddelde van die werklike gewig of maat van enige 20 eenderse hoeveelhede goedere van dieselfde soort in voorafverpakte vorm vir verkoop per gewig of maat, voorberei deur iemand uitgesonderd 'n kleinhandelaar, willekeurig geneem uit diè wat 'n lot uitmaak met dieselfde herkoms, nie minder as die voorgegewe gewig, inhoudsmaat, kubieke inhoud, oppervlakte, afmetings of lengte wees nie;

(ii) moet die totaal van die werklike gewig of maat van enige 20 oneenderse hoeveelhede goedere van dieselfde soort in voorafverpakte vorm vir verkoop per gewig of maat voorberei deur iemand uitgesonderd 'n kleinhandelaar, wat binne 'n groep gewigte of mate val soos in Tabelle I tot V van Bylae 1 van hierdie Deel gespesifiseer word, willekeurig geneem uit dié wat 'n lot uitmaak met dieselfde herkoms, nie minder as die totale voorgegewe hoeveelheid wees nie;

*Dealers to Retain Delivery Notes*

(3) A delivery note, invoice or other writing issued in respect of any goods delivered in pursuance of a sale to a dealer and handed over to the dealer or his agent at the time of delivery shall be retained by him for a period of at least 48 hours after receipt during which period it shall be kept at hand and be produced to an authorised officer on demand.

SELLER OR IMPORTER RESPONSIBLE FOR CORRECT QUANTITY OF GOODS RECEIVED IN PRE-PACKED FORM

6. Any person who has in his possession any goods for sale in pre-packed form or who imports any such goods for sale bearing a statement of quantity by net weight, measure of capacity, cubic content, area, dimensions, length or number, or deemed to be of a certain quantity by net weight or measure of capacity in terms of any provision of this Part, shall take such precaution as will ensure that the actual quantity of the goods is, subject to any applicable tolerance permitted in terms of any regulation of this Part, the quantity represented, irrespective of the origin of such goods.

PROVISION FOR TOLERANCES UNDER SECTION 31 AND 43 OF THE ACT

*Limits of Error for Goods in Pre-packed Form Sold by Weight or Measure*

7. (1) (a) Except as provided in subregulations (2), (4), (5) and (6) of this regulation or in regulations 8 (1), 9 (4) (c) (iii), 13, 14 and 15 of this Part, any difference between the actual and the represented net weight, measure of capacity, cubic content, area, dimensions or length of a quantity of goods for sale in pre-packed form shall be within the applicable limits of error specified in Tables I to V in Schedule 1 to this Part subject to any further provision of this subregulation;

(aA) unless in the case of proceedings for an offence under this paragraph in respect of a liquid in glass bottles and without derogating from the provisions laid down in paragraph (a), it is proved that the packer relied upon the size of such bottles for determining the quantity of liquid represented and that he filled such bottles to the height specified to him by the manufacturer or supplier thereof or to the height implied in any agreement or specification in accordance with which the bottles concerned were manufactured and supplied to the packer for such use—

(i) the average of the actual weight or measure of any twenty like quantities of goods of the same kind prepared for sale by weight or measure in pre-packed form by a person other than a retail dealer, taken at random from amongst those which form a batch derived from the same source shall be not less than the represented weight, measure of capacity, cubic content, area, dimensions or length;

(ii) the total of the actual weight or measure of any twenty unlike quantities of goods of the same kind prepared for sale by weight or measure in pre-packed form by a person other than a retail dealer, falling within a group of weights or measures specified in Tables I to V of Schedule 1 to this Part, taken at random from amongst those which form a batch derived from the same source shall be not less than the total represented quantity;

Reproduced by Sabinet Online in terms of Government Printer's Copyright Authority No. 10505 dated 02 February 1998



(aB) die onnoukeurigheidsperke in Tabel I van Bylae 1 van hierdie Deel gespesifiseer, kan in die geval van ingemaakte voedsel verdubbel word;

(b) waar goedere per gewig of maat in voorafverpakte vorm vir verkoop deur 'n kleinhandelaar voorberei is, moet—

(i) die gemiddelde van die werklike gewig of maat van enige 10 eenderse hoeveelhede van dieselfde soort goedere wat willekeurig uit dié wat vir verkoop voorberei is, geneem word, nie minder as die voorgegewe gewig, inhoudsmaat, kubieke inhoud, oppervlakte, afmetings of lengte wees nie;

(ii) die totaal van die werklike gewig of maat van enige 10 oneenderse hoeveelhede van dieselfde soort goedere wat binne 'n groep gewigte of mate val soos in Tabelle I tot V van Bylae 1 van hierdie Deel gespesifiseer word en wat willekeurig uit dié wat vir verkoop voorberei is, geneem word, nie minder as die totale voorgegewe hoeveelheid wees nie;

(c) 'n onjuistheid of verskil in oormaat, wat meer is as dié wat op 'n enkel hoeveelheid goedere in voorafverpakte vorm ooreenkomstig Tabelle I tot V in Bylae 1 van hierdie Deel van toepassing is of dié wat ooreenkomstig 'n regulasie van hierdie Deel van toepassing is, is toelaatbaar—

(i) indien die aard, die samestelling, of 'n besondere eienskap van die goedere sodanig was dat, ondanks die gebruik van behoorlike vervaardigings- of verpakkingsfasiliteite en die uitoefening van redelike hoeveelheidsbeheermaatreëls gedurende vervaardiging of verpakking, die hoeveelheid van elke voorafverpakte eenheid in 'n lot nie binne die voorgeskrewe afwykingsbestek volgehou kon word sonder die gevaar dat die toepaslike ondermaatperk in die geval van sommige van dié eenhede te bowe gegaan word nie;

(ii) indien sodanige onjuistheid of verskil in oormaat te wyte was aan—

(aa) 'n toename in die netto gewig, inhoudsmaat, kubieke inhoud, oppervlakte, afmetings of lengte van die goedere wat ná voorafverpakking daarvan voorgekom het; of

(bb) 'n bykomstige toelating wat vir moontlike krimping of verlies van gewig na verpakking gemaak is;

(d) in die geval waar 'n vloeistofproduk per inhoudsmaat in voorafverpakte vorm vir verkoop opgemaak word, uitgesonderd waar 'n geykte voertuigtenk gebruik word, moet die werklike inhoud, indien dit by 'n temperatuur van 20° Celsius gemeet word, minstens die hoeveelheid wees wat op die houer genoem word, behoudens die toepaslike onnoukeurigheidsperke, ongeag of die hoeveelheidsverklaring wat vertoon word deur 'n verklaring voorbehou word, al dan nie, met die strekking dat sodanige hoeveelheid die inhoud by 'n temperatuur van 20° Celsius is;

(e) in die geval waar 'n geykte voertuigtenk vir die voorafverpakking van 'n vloeistofproduk vir aflewering aan 'n koper gebruik word—

(i) moet elke tenkkompartement wat vir sodanige aflewering gebruik word minstens tot by die hoeveelheidsaanwyser ten tyde van verpakking gevul word;

(ii) moet, die vermoë wat op sodanige tenk of kompartement daarvan aangedui is, geag word die minimum hoeveelheid te wees wat dit slegs ten tyde van verpakking moet bevat;

(iii) moet die verkoper 'n afleweringsbrief, faktuur of ander geskrif uitreik wat duidelik die temperatuur van die vloeistofproduk ten tyde van verpakking, die uitsettingskoëffisiënt en die hoeveelheid daarvan by 20° Celsius aantoon;

(aB) the limits of error specified in Table I of Schedule 1 to this Part may be doubled in the case of canned foods;

(b) where goods are prepared for sale by weight or measure in pre-packed form by a retail dealer—

(i) the average of the actual weight or measure of any ten like quantities of the same kind of goods taken at random from amongst those which have been prepared for sale, shall be not less than the represented weight, measure of capacity, cubic content, area, dimensions or length;

(ii) the total of the actual weight or measure of any ten unlike quantities of the same kind of goods which fall within a group of weights or measures specified in Tables I to V of Schedule 1 to this Part, taken at random from amongst those which have been prepared for sale, shall be not less than the total represented quantity;

(c) an error or difference in excess which is more than that which is applicable to a single quantity of goods in pre-packed form in terms of Tables I to V in Schedule 1 to this Part or that which is applicable in terms of any regulation of this Part is permissible—

18. In any criminal proceedings under a regulation of this Part in which it may be necessary in order to establish the charge against the accused, to prove that a written permission has not been issued by the Superintendent to do or omit to do any act which it would be an offence under such regulation to do or omit to do, then, unless the accused proves the existence of a written permission issued to him by the Superintendent, it shall be presumed that such written permission had not been issued prior to the time of the offence.

SALE OF A BULK QUANTITY OF GOODS MADE UP OF UNITS IN PRE-PACKED FORM

19. Where a bulk quantity of goods for sale is made up of units in pre-packed form which bear a statement of quantity or which are each intended to be of a certain quantity, the quantity of such units to be supplied in respect of a specified weight or measure shall be that number which, according to the statement of quantity shown thereon or the quantity each is intended to be, will be equal to the specified weight or measure.

MEANING OF CERTAIN SPECIFIED WEIGHTS, MEASURES AND DIMENSIONS

20. For the purpose of the regulations of this Part concerned, any weight, measure or dimension specified in this Part and expressed in the metric system of measurement shall be construed to mean the equivalent of that weight, measure or dimension in the appropriate unit of the imperial system.

DATE OF COMMENCEMENT

21. Part II of the regulations promulgated by Government Notice 1425, of 31 August 1962, as amended, is repealed as from 1 January 1970, when these regulations shall come into force.

SCHEDULE 1

[Regulation 7 (1)]

TABLE I

*Limits of error for goods sold by measure of weight*

| Goods | Quantities | Range of error | |
|---|---|---|---|
| | | Deficiency | Excess |
| (a) All goods such as agricultural produce, grain, groceries, provisions and other general merchandise, but excluding precious goods and other materials such as precious metals and precious stones and the goods specified below | Up to 5 g | 10 per cent | 15 per cent. |
| | Above 5 g and up to 10 g | 7 per cent | 12 per cent. |
| | Above 10 g and up to 20 g | 4 per cent | 8 per cent. |
| | Above 20 g and up to 50 g | 1·5 g | 3 g. |
| | Above 50 g and up to 100 g | 2 g | 4 g. |
| | Above 100 g and up to 200 g | 4 g | 8 g. |
| | Above 200 g and up to 500 g | 7 g | 14 g. |
| | Above 500 g and up to 1 kg | 10 g | 20 g. |
| | Above 1 kg and up to 2 kg | 15 g | 30 g. |

Reproduced by Sabinet Online in terms of Government Printer's Copyright Authority No. 10505 dated 02 February 1998



| Goedere | Hoeveelhede | Onjuistheidsbestek | |
|---|---|---|---|
| | | Tekort | Oormaat |
| | Meer as 2 kg en tot 5 kg | 25 g | 50 g. |
| | Meer as 5 kg en tot 10 kg | 50 g | 100 g. |
| | Meer as 10 kg en tot 20 kg | 80 g | 160 g. |
| | Meer as 20 kg en tot 50 kg | 125 g | 250 g. |
| | Meer as 50 kg en tot 100 kg | 250 g | 500 g. |
| | Meer as 100 kg. | ¼ persent | ½ persent. |
| (b) Sement, steen kool, kooks, erts, misstof en soortgelyke goedere | Enige gewig | ½ persent | 1 persent. |
| (c) Vloeistowwe wat per gewig verkoop word | Meer as 100 kg | ¼ persent | ½ persent. |
| (d) Aartappelbrosstukkies | Tot 500 g | 5 persent | 10 persent. |

TABEL II

*Onnoukeurigheidsperke vir goedere wat per inhoudsmaat verkoop word*

| Goedere | Hoeveelhede | Onjuistheidsbestek | |
|---|---|---|---|
| | | Tekort | Oormaat |
| Vloeistowwe en ander goedere wat per inhoudsmaat verkoop word, uitgesonderd sodanige kosbare goedere of kosbare vloeistowwe | Tot 5 ml | 10 persent | 15 persent. |
| | Meer as 5 ml en tot 10 ml | 7 persent | 12 persent. |
| | Meer as 10 ml en tot 20 ml | 4 persent | 8 persent. |
| | Meer as 20 ml en tot 50 ml | 1·5 ml | 3 ml. |
| | Meer as 50 ml en tot 100 ml | 2·5 ml | 5 ml. |
| | Meer as 100 ml en tot 200 ml | 5 ml | 10 ml. |
| | Meer as 200 ml en tot 500 ml | 10 ml | 20 ml. |
| | Meer as 500 ml en tot 1 l | 15 ml | 30 ml. |
| | Meer as 1 l en tot 2 l | 20 ml | 40 ml. |
| | Meer as 2 l en tot 5 l | 35 ml | 70 ml. |
| | Meer as 5 l en tot 10 l | 60 ml | 120 ml. |
| | Meer as 10 l en tot 20 l | 100 ml | 200 ml. |
| | Meer as 20 l en tot 50 l | 250 ml | 500 ml. |
| | Meer as 50 l en tot 100 l | 500 ml | 1,000 ml. |
| | Meer as 100 l | ¼ persent | ½ persent. |

TABEL III

*Onnoukeurigheidsperke vir goedere wat per kubieke maat verkoop word*

| Goedere | Hoeveelhede | Onjuistheidsbestek | |
|---|---|---|---|
| | | Tekort | Oormaat |
| Handelsware wat per kubieke maat verkoop word | 'n Hoeveelheid bestaande uit ½ kubieke meter en meer | 8 kubieke desimeter per kubieke meter | 16 kubieke desimeter per kubieke meter |

| Goods | Quantities | Range of error | |
|---|---|---|---|
| | | Deficiency | Excess |
| | Above 2 kg and up to 5 kg | 25 g | 50 g. |
| | Above 5 kg and up to 10 kg | 50 g | 100 g. |
| | Above 10 kg and up to 20 kg | 80 g | 160 g. |
| | Above 20 kg and up to 50 kg | 125 g | 250 g. |
| | Above 50 kg and up to 100 kg | 250 g | 500 g. |
| | Above 100 kg | ¼ per cent | ½ per cent. |
| (b) Cement, coal, coke, ore, fertilizer and similar goods | Any weight | ½ per cent | 1 per cent. |
| (c) Liquids sold by weight | Above 100 kg | ¼ per cent | ½ per cent. |
| (d) Potato crisps.... | Up to 500 g | 5 per cent | 10 per cent. |

TABLE II

*Limits of error for goods sold by measure of capacity*

| Goods | Quantities | Range of error | |
|---|---|---|---|
| | | Deficiency | Excess |
| Liquids and other goods sold by measure of capacity, excluding such precious goods or precious liquids | Up to 5 ml | 10 per cent | 15 per cent. |
| | Above 5 ml and up to 10 ml | 7 per cent | 12 per cent. |
| | Above 10 ml and up to 20 ml | 4 per cent | 8 per cent. |
| | Above 20 ml and up to 50 ml | 1·5 ml | 3 ml. |
| | Above 50 ml and up to 100 ml | 2·5 ml | 5 ml. |
| | Above 100 ml and up to 200 ml | 5 ml | 10 ml. |
| | Above 200 ml and up to 500 ml | 10 ml | 20 ml. |
| | Above 500 ml and up to 1 l | 15 ml | 30 ml. |
| | Above 1 l and up to 2 l | 20 ml | 40 ml. |
| | Above 2 l and up to 5 l | 35 ml | 70 ml. |
| | Above 5 l and up to 10 l | 60 ml | 120 ml. |
| | Above 10 l and up to 20 l | 100 ml | 200 ml. |
| | Above 20 l and up to 50 l | 250 ml | 500 ml. |
| | Above 50 l and up to 100 l | 500 ml | 1,000 ml. |
| | Above 100 l | ¼ per cent | ½ per cent. |

TABLE III

*Limits of error for goods sold by cubic measure*

| Goods | Quantities | Range of error | |
|---|---|---|---|
| | | Deficiency | Excess |
| Any commodity sold by cubic measure | Any quantity of ½ cubic metre and above | 8 cubic decimetres per cubic metre | 16 cubic decimetres per cubic metre. |

Reproduced by Sabinet Online in terms of Government Printer's Copyright Authority No. 10505 dated 02 February 1998



TABEL IV

*Onnoukeurigheidsperke vir goedere wat per oppervlaktemaat verkoop word*

| Goedere | Oppervlakte | Onjuistheidsbestek | |
|---|---|---|---|
| | | Tekort | Oormaat |
| Leer en ander materiale per eenheid | Tot 10 vk dm.. | 2 persent | 4 persent. |
| | Meer as 10 vk dm en tot 20 vk dm | 20 vk cm | 40 vk cm. |
| | Meer as 20 vk dm en tot 50 vk dm | 40 vk cm | 80 vk cm. |
| | Meer as 50 vk dm en tot 1 vk m | 75 vk cm | 150 vk cm. |
| | Meer as 1 vk m en tot 2 vk m | 100 vk cm | 200 vk cm. |
| | Meer as 2 vk m en tot 5 vk m | 150 vk cm | 300 vk cm. |
| | Meer as 5 vk m en tot 10 vk m | 200 vk cm | 400 vk cm. |
| | Meer as 10 vk m | ¼ persent | ½ persent. |

TABEL V

*Onnoukeurigheidsperke vir goedere wat per lengtemaat verkoop word*

| Goedere | Lengte | Onjuistheidsbestek | |
|---|---|---|---|
| | | Tekort | Oormaat |
| Handelsware wat per lengtemaat verkoop word, met inbegrip van 'n dikte- of wydteafmeting daarvan | Tot 20 cm | 2 persent | 4 persent. |
| | Meer as 20 cm en tot 50 cm | 1 persent | 2 persent. |
| | Meer as 50 cm en tot 100 cm | 0·5 cm | 1 cm. |
| | Meer as 1 m en tot 2 m | 1 cm | 2 cm. |
| | Meer as 2 m en tot 5 m | 1·5 cm | 3 cm. |
| | Meer as 5 m en tot 10 m | 2·5 cm | 5 cm. |
| | Meer as 10 m | ¼ persent | ½ persent. |

TABEL VI

*Onnoukeurigheidsperke vir goedere wat op die grondslag van hoeveelheid per getal verkoop word*

| Goedere | Getal | Onjuistheidsbestek | |
|---|---|---|---|
| | | Tekort | Oormaat |
| (a) Goedere of artikels wat op die grondslag van hoeveelheid per getal verkoop word, maar uitgesonderd die goedere wat hieronder vermeld is | Enige getal | — | Enige redelike getal met inagneming van die hoeveelheid, grootte of waarde van die artikels of van die wyse waarop die getal van 'n hoeveelheid bepaal word. |
| (b) Medisyne bestaande uit soortgelyke, identiese eenhede in tablet- of kapsulevorm | 50 of meer eenhede | Een eenheid per 50 of deel daarvan | Twee eenhede per 50 of deel daarvan. |

TABLE IV

*Limits of error for goods sold by measure of area*

| Goods | Area | Range of error | |
|---|---|---|---|
| | | Deficiency | Excess |
| Leather or other materials per unit | Up to 10 sq dm | 2 per cent | 4 per cent. |
| | Above 10 sq dm and up to 20 sq dm | 20 sq cm | 40 sq cm. |
| | Above 20 sq dm and up to 50 sq dm | 40 sq cm | 80 sq cm. |
| | Above 50 sq dm and up to 1 sq m | 75 sq cm | 150 sq cm. |
| | Above 1 sq m and up to 2 sq m | 100 sq cm | 200 sq cm. |
| | Above 2 sq m and up to 5 sq m | 150 sq cm | 300 sq cm. |
| | Above 5 sq m and up to 10 sq m | 200 sq cm | 400 sq cm. |
| | Above 10 sq m | ¼ per cent | ½ per cent. |

TABLE V

*Limits of error for goods sold by measure of length*

| Goods | Length | Range of error | |
|---|---|---|---|
| | | Deficiency | Excess |
| Any commodity sold by measure of length, including a dimension of thickness or width thereof | Up to 20 cm.. | 2 per cent | 4 per cent. |
| | Above 20 cm and up to 50 cm | 1 per cent | 2 per cent. |
| | Above 50 cm and up to 100 cm | 0·5 cm | 1 cm. |
| | Above 1 m and up to 2 m | 1 cm | 2 cm. |
| | Above 2 m and up to 5 m | 1·5 cm | 3 cm. |
| | Above 5 m and up to 10 m | 2·5 cm | 5 cm. |
| | Above 10 m... | ¼ per cent | ½ per cent. |

TABLE VI

*Limits of error for goods sold on the basis of quantity by number*

| Goods | Number | Range of error | |
|---|---|---|---|
| | | Deficiency | Excess |
| (a) Goods or articles sold on the basis of quantity by number, but excluding the goods specified below | Any number | — | Any reasonable number having regard to the quantity, size or value of the articles or to the method of determining the number in a quantity. |
| (b) Drugs consisting of similar, identical units in tablet or capsule form | 50 or more units | One unit per 50 or part thereof | Two units per 50 or part thereof. |

Reproduced by Sabinet Online in terms of Government Printer's Copyright Authority No. 10505 dated 02 February 1998



| Goedere | Hoeveelhede | Onjuistheidsbestek | |
|---|---|---|---|
| | | Tekort | Oormaat |
| (c) Gesigsneesdoekies | Meer as 10 eenhede | Een eenheid per 50 of deel daarvan | Twee eenhede per 50 of deel daarvan. |
| (d) Papierservette... | Meer as 10 eenhede | Een eenheid per 50 of deel daarvan | Twee eenhede per 50 of deel daarvan. |
| (e) Papierhanddoeke, hetsy dit afsonderlike eenhede of geperforeer is | Meer as 10 eenhede | Een eenheid per 50 of deel daarvan | Twee eenhede per 50 of deel daarvan. |
| (f) Velle toiletpapier, hetsy dit afsonderlike eenhede of geperforeer is | 'n Getal meer as 50 velle | Een vel per 50 of deel daarvan | Twee velle per 50 of deel daarvan. |

BYLAE 2

| Item-no. | *Goedere onderworpe aan die afwyking in regulasie* 7 (6) |
|---|---|

1 Veevoermengsels.
2 Dierlike proteïenryke veevoer.
3 Plantaardige proteïenryke veevoer.
4 Gemaalde ruvoer.
5 Wassoda, Glaubersout, Engelse sout of growwe sout.
6 'n Vervaardigde produk van 'n graansoorte met inbegrip van alle soorte meel wat van graansoorte gemaak is.
7 Vismeel.

[Regulasie 8 (1)]

BYLAE 3

| Item-no. | *Goedere wat per "Netto gewig by verpakking" verkoop word* |
|---|---|

1 Huishoudelike of wasgoedseep in houers.
2 Worsomhulsels wanneer dit in omslae of houers wat nie voghoudend is nie, vooraf verpak word.
3 Tabak of snuif wanneer dit in omslae of houers wat nie voghoudend is nie, vooraf verpak word.
4 Droëvrugte wanneer dit in omslae of houers wat nie voghoudend is nie, vooraf verpak word.
5 Aartappelmoere.
6 Suiwer seeppoeiers, suiwer seepvlokkies en -stukkies.
7 Toue en touwerk, uitgesonderd metaaltou.
8 Twyne (winkel-, stik-, soom-, binder- of oesmasjien-, in bolle, tolle, rolle of spoele).
9 Droë ys.
10 All grade ystersulfaat met uitsondering van die uitgedroogde variëteit, sinksulfaat, kopersulfaat, natriumsulfiet, natriumtiosulfaat en loodnitraat.
11 Vars sampioene.
12 Suurdeeg.

[Regulasie 8 (2)]

BYLAE 4

| Item-no. | *Goedere van hoeveelheidsaanduiding vrygestel* |
|---|---|

1 Onvervaardigde graansoorte, grondboontjies en sonneblomsaad wat in 'n proklamasie kragtens artikel 41 (5) van die Wet ingesluit is—
(a) in sakke of houers wat die onderskeie gewig wat in sodanige proklamasie vir sodanige handelsware voorgeskryf is, bevat;
(b) in sakke of houers wat ander gewigte as die gewig wat vir sodanige handelsware in sodanige proklamasie voorgeskryf is, bevat—
(i) wanneer dit in die Republiek geproduseer is en deur die produsent daarvan verkoop word;
(ii) wanneer dit in hoeveelhede van tien of meer sakke verkoop word, met dien verstande dat die goedere by aflewering deur 'n afleweringsbrief, faktuur of ander geskrif vergesel word waarop die getal sakke en die netto gewig van die totale besending asook 'n kennisgewing dat die sakke nie die standaard voorgeskrewe gewig is nie, duidelik aangegee word.
2 Uie, patats of aartappels, wanneer dit in sakke of houers verkoop word wat in die geval van uie of patats 120 lb en in die geval van aartappels 150 lb, bevat.

| Goods | Quantities | Range of error | |
|---|---|---|---|
| | | Deficiency | Excess |
| (c) Facial tissues.... | Over 10 units | One unit per 50 or part thereof | Two units per 50 or part thereof. |
| (d) Paper serviettes.. | Over 10 units | One unit per 50 or part thereof | Two units per 50 or part thereof. |
| (e) Paper towels, whether separate units or perforated | Over 10 units | One unit per 50 or part thereof | Two units per 50 or part thereof. |
| (f) Sheets of toilet paper, whether separate units or perforated | Any number over 50 sheets | One sheet per 50 or part thereof | Two sheets per 50 or part thereof. |

SCHEDULE 2

| Item No. | *Goods subject to the tolerance in regulation* 7 (6) |
|---|---|

1 Farm feed mixture.
2 Animal protein-rich farm feeds.
3 Vegetable protein-rich farm feeds.
4 Milled roughage for farm feed.
5 Washing soda, glauber salts, epsom salts or coarse salt.
6 A manufactured product of a cereal including all kinds of meal made from cereals.
7 Fish meal.

[Regulation 8 (1)]

SCHEDULE 3

| Item No. | *Goods sold "Net Weight When Packed"* |
|---|---|

1 Household or laundry soap in containers.
2 Sausange skins when pre-packed in wrappers or containers which are not moisture-retaining.
3 Tobacco or snuff when pre-packed in wrappers or containers which are not moisture-retaining.
4 Dried fruit when pre-packed in wrappers or containers which are not moisture-retaining.
5 Seed potatoes.
6 Pure soap powders, pure soap flakes and chips.
7 Ropes nd cordage, other than metal rope.
8 Twines (shop, stitching, seaming, binder or harvester in balls, reels, cops or spools).
9 Dry ice.
10 All grades of ferrous sulphate except the exsiccated variety, zinc sulphate, copper sulphate, sodium sulphite, sodium thiosulphate and lead nitrate.
11 Fresh mushrooms.
12 Yeast.

[Regulation 8 (2)]

SCHEDULE 4

| Item No. | *Goods exempted from quantity indication* |
|---|---|

1 Unmanufactured cereals, groundnuts and sunflower seed included in a proclamation under section 41 (5) of the Act—
(a) in bags or containers holding the respective weigh prescribed in such proclamation for such commodity;
(b) in bags or containers holding weights other than the weight prescribed for such commodity in such proclamation—
(i) when produced in the Republic and sold by the producer thereof;
(ii) when sold in quantities of 10 or more bags, provided that the goods are accompanied on delivery by a delivery note, invoice or other writing in which the number of bags and the net weight of the total consignment as well as a notice that the bags are not of standard prescribed weight are clearly set forth.
2 Onions, sweet potatoes or potatoes when sold in bags or containers holding 120 lb in the case of onions or sweet potatoes and 150 lb in the case of potatoes.

Reproduced by Sabinet Online in terms of Government Printer's Copyright Authority No. 10505 dated 02 February 1998



3 Steenkool of kooks, wanneer dit in sakke of dergelike houers verkoop word wat die onderskeie gewigte wat in paragrawe 8 (a) en (b) van Deel I van Bylae 6 voorgeskryf is, bevat.

4 Steenkool, wanneer dit in oop paraffienblikke of ander dergelike oop houers verkoop word wat die onderskeie gewigte wat in voorbehoudsbepaling (iv) van paragraaf 8 van Deel I van Bylae 6 voorgeskryf is, bevat.

5 Gekloofde en ongekloofde brandhout, wanneer dit in sakke of bondels verkoop word wat die onderskeie gewigte wat in paragraaf 9 van Deel I van Bylae 6 voorgeskryf is, bevat.

6 Steenkool, kooks of brandhout wat in hoeveelhede van tien of meer sakke aan 'n eindverbruiker afgelewer word wat ander gewigte as die onderskeie gewigte wat in paragrawe 8 (a) en (b) en paragraaf 9 van Deel I van Bylae 6 voorgeskryf is, bevat, met dien verstande dat sodanige goedere by lewering deur 'n afleweringsbrief vergesel word waarop die totale getal sakke en die netto gewig van die totale besending duidelik aangegee word.

7 Heel kase, behalwe kase van 1 kg en minder wanneer dit in die kleinhandel vir verkoop aangebied of uitgestal word, maar met inbegrip van heel kase van die Gouda-tipe met 'n gewig minder as 500 g.

8 Enkel brode soos in regulasie 13 voorgeskryf is.

9 Pakkies vleis wanneer dit vir aflewering voorberei word of wanneer dit aan 'n koper afgelewer word deur 'n slagter in die kleinhandel.

10 Polonies, hamme, spekvleis, sult en ander vooraf gekookte koue vleis en stukke biltong, uitgesonderd wanneer dit gesny en in vooraf verpakte vorm is of wanneer dit ingemaak is of in hermeties verseëlde houers verpak is.

11 Saamgeperste bale lusern, voer, kaf of hooi.

12 Sand, gruis, vergruisde klip, aangemaakte beton, aangemaakte sementdagha, kalk, sement, erts, steenkool, brandhout of dergelike goedere wanneer dit in voertuigvragte per pad afgelewer word.

13 Afsonderlike stene of koekies huishoudelike of wasgoedseep of stukke van sodanige stene of die helfte van sodanige tweelingkoekies wat in hul oorspronklike toestand aan die vereistes van grootte en netto gewig voldoen het soos in paragraaf II van Deel I van Bylae 6 voorgeskryf is.

14 Bier, wyn of ander sterk drank in verseëlde houers wat een kwart, een pint, een halfpint of een sesde, een twaalfde of een vier-en-twintigste van 'n gelling bevat.

15 Gedresseerde bees-, kalf-, lam-, skaap-, bok- of varkkarkasse en ongedresseerde wildskarkasse en pluimvee wat nie skoongemaak is nie.

16 'n Hoeveelheid drinkbare spiritualieë wanneer dit uit 'n massahouer vir verbruik op die perseel bedien word.

17 Melk of room wat deur die produsent aan 'n fabriek, melkery, of room- of melkdepot ooreenkomstig die bepalings van paragraaf 3 (f) van Deel II van Bylae 5 verkoop word.

18 'n Oningeslote of nie-toegedraaide eenheid skoongemaakte pluimvee, uitgesonderd wanneer diepbevrore, wat deur 'n produsent daarvan aan 'n herverkoper verkoop word of wanneer sodanige pluimvee vir verkoop op kleinhandelpersele gehou of uitgestal word sonder dat 'n prys daarop gemerk of vertoon word, met dien verstande dat in hierdie geval 'n geskikte weeginstrument byderhand gehou moet word vir die doel om sodanige pluimvee in die teenwoordigheid van die koper voor verkoop te weeg.

19 Huide en velle.

20 Enige handelsware wat onderworpe is aan verkoop per gewig, maat of getal wat in die Republiek verbou is en wat deur die produsent daarvan aan 'n groothandelkoper verkoop word, met dien verstande dat sodanige handelsware nie opgemaak of vooraf verpak is in dié vorm waarin dit uiteindelik aan 'n kleinhandelkoper in die Republiek verkoop sal word nie, of wanneer dit aldus opgemaak of vooraf verpak is, dit uitdruklik van hoeveelheidsaanduiding kragtens 'n item in hierdie Bylae vrygestel is.

21 Verpakte eenhede goedere wat per gewig, maat of getal verkoop moet word en deel is van 'n groter hoeveelheid of eenheid in vooraf verpakte vorm wat 'n hoeveelheidsverklaring bevat, uitgesonderd wanneer sodanige eenhede in die kleinhandel afsonderlik verkoop word of bedoel is om aldus verkoop te word wanneer dit deur die verpakker oorspronklik vooraf verpak word en dit nie uitdruklik van hoeveelheidsaanduiding kragtens 'n item in hierdie Bylae vrygestel is nie.

22 Houers wat gebruik word om goedere in massa vir verkoop daaruit in die kleinhandel te hou.

23 Afsonderlike kerse wat in hul oorspronklike vooraf verpakte toestand voldoen het aan die vereistes soos in paragraaf 13 van Deel I van Bylae 6 voorgeskryf is.

3 Coal or coke, when sold in bags or like containers holding the respective weights prescribed in paragraphs 8 (a) and (b) in Part I of Schedule 6.

4 Coal, when sold in open paraffin tins or other similar open containers holding the respective weights prescribed in proviso (iv) of paragraph 8 of Part I of Schedule 6.

5 Split or log firewood, when sold in bags or bundles holding the respective weights prescribed in paragraph 9 of Part I of Schedule 6.

6 Coal, coke or firewood delivered to an end-user in quantities of 10 or more bags holding weights other than the respective weights prescribed in paragraphs 8 (a) and (b) and paragraph 9 of Part I of Schedule 6, provided that such goods are accompanied on delivery by a delivery note in which the total number of bags and the net weight of the total consignment are clearly set forth.

7 Whole cheeses, excluding cheeses of 1 kg and less when offered or exposed for sale in retail trade, but including whole cheeses of the Gouda type of a weight of less than 500 g.

8 Single loaves of bread as prescribed in regulation 13.

9 Parcels of meat when prepared for delivery or when being delivered to a purchaser by a butcher in the retail trade.

10 Polonies, hams, bacon, brawn and other pre-cooked cold meat and pieces of biltong, excluding when sliced and in pre-packed form or when canned or packed in hermetically sealed containers.

11 Compressed bales of lucerne, fodder, chaff or hay.

12 Sand, gravel, crushed stone, ready-mixed concrete, ready-mixed cement mortar, lime, cement, ore, coal, firewood or similar goods when delivered in vehicle loads by road.

13 Single bars or tablets of household or laundry soap or cuts of such bars or one-half of such twin tablets which, in theit original condition, met the requirements of size and ner weight as prescribed in paragraph 11 of Part I of Schedule 6.

14 Beer, wine or other intoxicating liquor in sealed containers holding one quart, one pint, one half-pint or one-sixth, one-twelfth or one-twenty-fourth of a gallon.

15 Dressed carcases of beef, calf, lamb, sheep, goat or pork and undressed carcases of venison or poultry.

16 A quantity of a potable spirituous liquor when served from a bulk container for consumption on the premises.

17 Milk or cream sold by the producer to a factory, dairy or cream or milk depot in accordance with the provisions of paragraph 3 (f) of Part II of Schedule 5.

18 An unenclosed or unwrapped unit of dressed poultry, except when deep-frozen, sold by a producer thereof to a resellel or when such poultry is kept or exposed for sale on retair premises without a price marked or displayed thereon, provided that in this case a suitable weighing instrument shall be kept readily available for the purpose of weighing such poultry in the presence of the purchaser before sale.

19 Hides and skins.

20 Any commodity subject to sale by weight, measure or number which has been grown in the Republic and which is sold to a wholesale purchaser by the producer thereof, provided that such commodity is not made up or pre-packed in the form in which it will eventually be sold to a retail purchaser in the Republic or when so made up or pre-packed is specifically exempted from indication of quantity under any item of this Schedule.

21 Packaged units of goods to be sold by weight, measure or number being part of a larger quantity or unit in pre-packed form which bears a declaration of quantity, except when such units are sold separately in retail trade or are intended to be so sold when originally pre-packed by the packer and are not specifically exempted from indication of quantity under any item of this Schedule.

22 Containers used for keeping goods in bulk for sale therefrom by retail.

23 Single candles which in their original pre-packed condition met the requirements as prescribed in paragraph 13 of Part I of Schedule 6.

Reproduced by Sabinet Online in terms of Government Printer's Copyright Authority No. 10505 dated 02 February 1998



24 'n Herbruikbare houer waarop die vloeistofinhoud per inhoudsmaat nie permanent aangebring is nie omdat dit voor regulasie 9 (4) (h) van hierdie Deel van die regulasies in werking getree het, ingevoer of vervaardig is, met dien verstande dat hierdie vrystelling nie op 'n bedoelde houer van toepassing is nie wanneer 'n gedrukte etiket deur die bottelaar van die goedere wat daarin verkoop word daaraan geheg is nie, tensy bedoelde goedere van die soort en hoeveelhede is wat in item 14 van hierdie Bylae gespesifiseer is.

## BYLAE 5

(Regulasie 11)

### DEEL I

*Goedere wat per Gewigsmaat Verkoop of Gekoop Moet word*

1. Behoudens die voorbehoudsbepaling by regulasie 11 van hierdie Deel van die regulasies, is hierdie Deel van hierdie Bylae van toepassing op—

(1) goedere of handelsware wat vaste stowwe, halfvaste stowwe, klewerige vloeistowwe of 'n mengsel van vaste stof en vloeistof is en sluit veral sodanige voedingsmiddels en ander handelsware in wat by die kleinmaat verkoop of gekoop word vir huishoudelike gebruik of menslike en/of dierlike verbruik;

(2) vloeibare brandstowwe of gasse in staalsilinders, met dien verstande dat die inhoud daarvan boonop per kubieke voet aangedui mag word teen standaard temperatuur- en druktoestande;

(3) 'n aërosol, met dien verstande dat wanneer die inhoud 'n verf is, dit boonop per inhoudsmaat aangedui mag word;

(4) toue en touwerk, tensy dit per lengte verkoop word;

(5) twyne (winkel-, stik-, soom-, binder- of oesmasjien- in bolle, tolle, rolle of spoele), tensy dit uit massa geneem en in die kleinhandel per lengte verkoop word;

(6) kondensmelk (versoet en onversoet).

2. Behoudens andersluidende bepalings, moet goedere of handelsware waarop hierdie Deel van hierdie Bylae van toepassing is, uitsluitlik per gewigsmaat verkoop of gekoop word.

3. Ondanks die bepalings van paragraaf 2 van hierdie Deel van hierdie Bylae—

(a) moet vergruisde klip, ook wanneer dit met sement, teer of bitumen oortrek is, aangemaakte beton, aangemaakte sementdagha of bousand per kubieke inhoudsmaat verkoop of gekoop word wanneer dit in hoeveelhede van 'n halwe kubieke meter en meer is;

(b) moet roomys en dergelike bevrore goedere in hoeveelhede van 500 kubieke sentimeters en meer per kubieke inhoudsmaat verkoop of gekoop word;

(c) kan die klasse goedere of handelsware wat in paragraaf 1 van hierdie Deel van hierdie Bylae gespesifiseer is anders as per gewigsmaat verkoop of gekoop word, met dien verstande dat die skriftelike toestemming van die Superintendent vooraf verkry is;

(d) moet ogiesdraad per lengtemaat verkoop of gekoop word;

(e) moet aangemaakte verf, uitgesonderd aërosolverf, per inhoudsmaat verkoop of gekoop word;

(f) kan eiers per getal verkoop of gekoop word;

(g) kan nie-vloeibare politoer per kubieke inhoudsmaat verkoop of gekoop word in hoeveelhede van hoogstens een kubieke desimeter.



24 A re-usable container on which the liquid content in measure of capacity has not been permanently marked because of it having been imported or manufactured before regulation 9 (4) (h) of this Part of the regulations came into operation, provided that this exemption shall not apply to such a container when a printed label is attached thereto by the bottler of the goods sold therein unless such goods are of the kind and quantities specified in item 14 of this Schedule.

## SCHEDULE 5

(Regulation 11)

### PART I

*Goods to be Sold or Purchased by Measure of Weight*

1. Subject to the proviso to regulation 11 of this Part of the regulations this Part of this Schedule applies to—

(1) goods or commodities which are solids, semisolids, viscous liquids or a mixture of solid and liquid, and particularly includes such articles of food and other commodities sold or purchased by retail for household use or human and/or animal consumption;

(2) liquid fuels or gases in steel cylinders, provided that the contents thereof may, in addition, be indicated in cubic feet at standard conditions of temperature and pressure;

(3) an aerosol, provided that the content when being a paint may, in addition, be indicated in measure of capacity;

(4) ropes and cordage unless sold by length;

(5) twines (shop, stitching, seaming, binder or harvester in balls, reels, cops or spools), unless taken from bulk and sold by length in the retail trade;

(6) condensed milk (sweetened or unsweetened).

2. Except where otherwise provided, goods or commodities to which this Part of this Schedule applies, shall be sold or purchased only by measure of weight.

3. Notwithstanding the provisions of paragraph 2 of this Part of this Schedule—

(a) crushed stone, including when coated with cement, tar or bitumen, ready-mixed concrete, ready-mixed cement mortar or building sand shall be sold or purchased by measure of cubic content when in quantities of half cubic metre and above;

(b) ice cream and similar frozen goods in quantities of 500 cubic centimetres and above shall be sold or purchased by cubic measure;

(c) goods or commodities of the classes specified in paragraph 1 of this Part of this Schedule may be sold or purchased otherwise than by measure of weight, provided that the written permission of the Superintendent has previously been obtained;

(d) wire netting shall be sold or purchased by measure of length;

(e) ready-mixed paint excluding aerosol paint shall be sold or purchased by measure of capacity;

(f) eggs may be sold or purchased by number;

(g) non-fluid polish may be sold or purchased by cubic measure in quantities not exceeding one cubic decimetre.

Reproduced by Sabinet Online in terms of Government Printer's Copyright Authority No. 10505 dated 02 February 1998



*Vrystellings*

4. Ondanks die bepalings van paragraaf 2 van hierdie Deel van hierdie Bylae, kan die goedere wat in hierdie paragraaf ingesluit is anders as per gewigsmaat verkoop of gekoop word—

(1) inheemse kreupelhout met 'n deursnee van hoogstens 5 cm of brandhout in stukke langer as 50 cm;

(2) vars vrugte en groente wanneer dit op 'n openbare mark verkoop word, uitgesonderd aartappels of uie maar met inbegrip van aartappels of uie wat nie in 'n houer bevat is nie wanneer dit op 'n openbare mark in hoeveelhede van hoogstens 10 kg gewig verkoop word;

(3) vars vrugte en groente wanneer dit by die kleinmaat verkoop word, uitgesonderd aartappels, patats, uie, groenboontjies, groenertjies, tamaties, bessies en dergelike klein vrugte, maar met inbegrip van groenboontjies, groenertjies, tamaties, bessies en dergelike klein vrugte wanneer hulle in onoopgemaakte houers soos hulle van 'n openbare mark ontvang is, by die kleinmaat verkoop word of wanneer hulle aldus verkoop word in houers wat voldoen aan die vereistes van 'n regulasie wat ingevolge die Bemarkingswet 26 van 1937 van krag mag wees;

(4) sierseep of sierkerse, en los kerse wat in hulle oorspronklike vooraf-verpakte toestand voldoen aan die vereistes soos in paragraaf 13 van Deel I van Bylae 6 voorgeskryf is, wanneer hulle by die kleinmaat verkoop word;

(5) stukke kaas of proseskaas met 'n gewig van 30 g en minder en heel kase van die Gouda-tipe met 'n gewig minder as 500 g;

(6) suiker- of sjokoladebanket synde—

(a) Paaseiers;

(b) beeldjies of buitengewone fatsoene;

(c) 'n enkel artikel in vooraf-verpakte vorm, of 'n hoeveelheid in vooraf-verpakte vorm wat uit 'n versameling klein eenhede bestaan wanneer bedoelde artikel of hoeveelheid in die kleinhandel teen 'n prys van hoogstens 5 sent verkoop word;

(d) 'n groothandelhoeveelheid in vooraf-verpakte vorm wat saamgestel is uit 'n versameling klein enkel artikels van eenderse grootte en soort wat bedoel is om per getal in die kleinhandel verkoop te word, wanneer bedoelde hoeveelheid per getal verkoop word;

(e) 'n saamgestelde verpakking wat saamgestel is uit 'n getal van meer as vyf eenderse enkel artikels of eenderse pakkies waarvan elk gewoonlik teen 'n kleinhandelprys van tot en met 5 sent verkoop word, wanneer bedoelde saamgestelde verpakking per getal verkoop word;

(f) 'n saamgestelde verpakking wat saamgestel is uit 'n verskeidenheid enkel artikels en/of pakkies wat elk gewoonlik teen 'n kleinhandelprys van 'n half sent tot en met 5 sent verkoop word maar die kleinhandelprys van bedoelde saamgestelde verpakking hoogstens 20 sent is, met dien verstande dat waar bedoelde saamgestelde verpakking in die kleinhandel vir meer as 20 sent verkoop gaan word, die wyse van verkoop moet wees soos in paragraaf 1 (16) van Deel VI van hierdie Bylae gespesifiseer;

(7) meelblombanket, uitgesonderd beskuitjies, maar met inbegrip van koeke, pasteie, worsrolletjies, plaatpasteitjies, soetgebak, koeksisters, handgemaakte beskuitjies wat meer as 30 g per beskuitjie weeg, handgemaakte beskuitjies met 'n gewig van hoogstens 30 g per beskuitjie wanneer dit in die kleinhandel deur die maker daarvan per getal verkoop word, botterbroodjies, en suurdeeggebak uitgesonderd brood en beskuit;

*Exemptions*

4. Notwithstanding the provisions of paragraph 2 of this Part of this Schedule, the goods included in this paragraph may be sold or purchased otherwise than by measure of weight—

(1) indigenous brushwood of a diameter not exceeding 5 cm or firewood in lengths exceeding 50 cm;

(2) fresh fruits and vegetables when sold on a public market, except potatoes or onions, but including potatoes or onions which are not enclosed in a container when sold on a public market in quantities not exceeding 10 kg in weight;

(3) fresh fruits and vegetables when sold by retail except potatoes, sweet potatoes, unions, green beans, green peas, tomatoes, berries and similar small fruits, but including green beans, green peas, tomatoes, berries and similar small fruits when sold by retail in unopened containers as they were received from a public market or when so sold in containers which conform to any regulation which may be in force in terms of the Marketing Act, 26 of 1937;

(4) fancy soap and fancy candles, and loose candles which in their original pre-packed state meet the requirements as prescribed in paragraph 13 of Part I of Schedule 6 when sold by retail;

(5) pieces of cheese or process cheese of 30 g in weight and under and whole cheeses of the Gouda type of a weight of less than 500 g;

(6) sugar or chocolate confectionery being—

(a) Easter eggs;

(b) figurines or novelty shapes;

(c) a single article in pre-packed form, or a quantity in pre-packed form consisting of a collection of small units, when such article or quantity is sold in the retail trade at a price of five cents or less;

(d) a wholesale quantity in pre-packed form made up of a collection of small single articles of similar size and kind which is intended to be sold by number in the retail trade, when such quantity is sold by number;

(e) a combined pack made up of a number of more than five similar single articles or similar packages each of which is usually sold at a retail price of up to and including five cents when such combined pack is sold by number;

(f) a combined pack made up of an assortment of single articles and/or packages each of which is usually sold at a retail price of half cent up to and including five cents where the retail price of such combined pack is 20 cents or less, provided that where such combined pack is to be sold in the retail trade for more than 20 cents in the manner of sale shall be as specified in paragraph 1 (16) of Part VI of this Schedule;

(7) flour confectionery, except biscuits, but including cakes, pies, sausage rolls, pasties, pastries, koeksisters, hand-made biscuits exceeding 30 g per biscuit, hand-made biscuits of a weight of 30 g or less per biscuit when sold by number of the retail trade by the maker thereof, scones, and yeast-raised goods other than bread and rusks;

Reproduced by Sabinet Online in terms of Government Printer's Copyright Authority No. 10505 dated 02 February 1998



(8) 'n hoeveelheid van 'n voedingsmiddel wat as 'n verversing of as 'n maaltyd of deel van 'n maaltyd vir menslike verbruik klaar voorberei is wanneer dit op verversingspersele opgemaak of bedien word of daarvandaan bedien word;

(9) 'n hoeveelheid goedere of 'n artikel waarop hierdie Deel van hierdie Bylae van toepassing is wanneer dit teen 'n prys van hoogstens 2½ sent by die kleinmaat verkoop word;

(10) 'n hoeveelheid goedere of 'n artikel waarop hierdie Deel van hierdie Bylae van toepassing is wat hoogstens 10 g weeg, uitgesonderd 'n medisyne, 'n skoonheidsmiddel of 'n toiletpreparaat;

(11) 'n hoeveelheid of 'n artikel wat in die geval van 'n skoonheidsmiddel of 'n toiletpreparaat waarop hierdie Deel van hierdie Bylae van toepassing is, hoogstens 5 g weeg;

(12) 'n hoeveelheid van 'n medisyne wat hoogstens 5 g weeg en waarop hierdie Deel van hierdie Bylae van toepassing is;

(13) vleis bestaande uit ongedresseerde wildskarkasse of pluimvee wat nie skoongemaak is nie, uitgesonderd wanneer dit in die kleinhandel verkoop word en koppe, harte, harslagte, kloutjies, niere, hase, konyne en lewendige diere;

(14) stene en koekies huishoudelike of wasgoedseep of stukke van sodanige stene of die helfte van sodanige tweelingkoekies, wanneer hulle by die kleinmaat verkoop word en wat in hul oorspronklike toestand voldoen het aan die vereistes van grootte en netto gewig soos in paragraaf 11 van Deel I van Bylae 6 voorgeskryf word;

(15) kraalmis, kraalmis-as, kompos en ander plantreste, wanneer dit nie vooraf in houers verpak is vir verkoop by die kleinmaat nie, en plaas- of stalmis;

(16) varsgevangde vis wat aan persone, uitgesonderd fabrieke, verkoop word;

(17) roomys en dergelike bevrore goedere;

(18) 'n hoeveelheid droëvrugte wat hoogstens 50 g weeg;

(19) graansoorte of lusern in die groen stadium;

(20) 'n hoeveelheid blaartabak wat hoogstens 100 g weeg; en

(21) 'n hoeveelheid gemaalde snuiftabak wat hoogstens 30 g weeg.

## DEEL II

*Goedere wat per Inhoudsmaat Verkoop of Gekoop moet word*

1. Hierdie Deel van hierdie Bylae is van toepassing op alle goedere wat in 'n vloeibare toestand is wanneer daarmee handel gedryf word, met inbegrip van aangemaakte verf en ander mengsels wat hoofsaaklik uit 'n vloeistof bestaan waarin fyn vaste deeltjies min of meer in suspensie is.

2. Behoudens andersluidende bepalings, moet die goedere of handelsware waarop hierdie Deel van hierdie Bylae van toepassing is uitsluitlik per inhoudsmaat verkoop of gekoop word.

3. Ondanks die bepalings van paragraaf 2 van hierdie Deel van hierdie Bylae—

(a) kan die klas goedere of handelsware wat in paragraaf 1 van hierdie Deel van hierdie Bylae ingesluit is, anders as per inhoudsmaat verkoop of gekoop word, met dien verstande dat die skriftelike toestemming van die Superintendent vooraf verkry word;

(8) a quantity of an article of food ready prepared as a refreshment or as a meal or part of a meal for human consumption when made up on or served on or from catering premises;

(9) a quantity of goods or an article to which this Part of this Schedule applies when sold by retail at a price of 2½ cent or less;

(10) a quantity of goods or an article to which this Part of this Schedule applies which weighs 10 g or less other than a drug, a cosmetic or a toilet preparation;

(11) a quantity or an article which weighs 5 g or less in the case of a cosmetic or a toilet preparation to which this Part of this Schedule applies;

(12) a quantity of a drug which weighs 5 g or less and to which this Part of this Schedule applies;

(13) meat consisting of undressed carcases of venison or poultry except when sold in the retail trade, and heads, hearts, plucks, feet, kidneys, hares, rabbits and live animals;

(14) bars or tablets of household or laundry soap or cuts of such bars or one-half of such twin-tablets, when sold by retail, and which in their original condition, met the requirements of size and net weight as prescribed in paragraph 11 of Part I of Schedule 6;

(15) kraal manure, kraal manure ash, compost and other plant residues, when not pre-packed in containers for sale by retail, and farmyard or stable manure;

(16) freshly-caught fish sold to persons other than factories;

(17) ice cream and similar frozen goods;

(18) a quantity of dried fruit which weighs 50 g or less;

(19) cereals or lucerne when in their green stage;

(20) a quantity of leaf tobacco which weighs 100 g or less;

(21) a quantity of ground snuff tobacco which weighs 30 g or less.

## PART II

*Goods to be Sold or Purchased by Measure of Capacity*

1. This Part of this Schedule applies to all goods which are in a liquid state when handled in trade dealings including ready-mixed paint and other mixtures consisting principally of liquid in which fine solid particles are more or less held in suspension.

2. Except where otherwise provided, the goods or commodities to which this Part of this Schedule applies, shall be sold or purchased only by measure of capacity.

3. Notwithstanding the provisions of paragraph 2 of this Part of this Schedule—

(a) the goods or commodities of the class included in paragraph 1 of this Part of this Schedule may be sold or purchased otherwise than by measure of capacity, provided that the written permission of the Superintendent has previously been obtained;

Reproduced by Sabinet Online in terms of Government Printer's Copyright Authority No. 10505 dated 02 February 1998



(b) moet vloeibare brandstowwe of gasse in staalsilinders per gewigsmaat verkoop word;

(c) kan kwik en gekonsentreerde vloeibare chemiese stowwe met hoogs invretende of giftige eienskappe per gewigsmaat verkoop of gekoop word;

(d) behoudens die bepalings van subparagraaf (f) van hierdie paragraaf, moet room slegs per gewigsmaat verkoop word nadat dit teen bederf behandel en in hermeties verseëlde houers verpak is;

(e) moet kondensmelk (versoet of onversoet) per gewigsmaat verkoop of gekoop word;

(f) kan 'n fabriek, melkery, of room- of melkdepot melk of room van 'n produsent per gewigsmaat koop: Met dien verstande dat—

(i) die koper by sy perseel waar die melk of room ontvang word, geskikte geykte weeginstrument aanhou en sodanige instrument gebruik om die gewig van die melk of room wat gekoop word, te bepaal;

(ii) op weegskale wat gebruik word om room te weeg, die waarde van die kleinste graadverdelings hoogstens 8 oz is;

(iii) waar die netto gewig van melk of room in kanne of houers deur brutogewigweging vasgestel moet word en sodanige bruto gewig benewens enige heel getal ponde, 'n breuk van die eerste helfte of die tweede helfte van 'n pond insluit, die bruto gewig onderskeidelik op die naaste laer pond of halfpond vasgestel word;

(iv) die koper wat melk of room in massa per gewig wat deur brutogewigweging vasgestel is, koop, die produsent voorsien van 'n korrek gedateerde kwitansie wat die bruto gewig en tarragewig van elke kan of houer en die netto gewig van die melk of room aangee;

(v) waar die ekwivalente inhoudsmaat van 'n hoeveelheid melk deur die gewig van daardie hoeveelheid vasgestel moet word, die basis van herleiding 10·30 lb per gelling is;

(vi) die koper wat melk in massa koop deur die hoeveelheid daarvan volgens nettogewigweging vas te stel, die produsent voorsien van 'n korrekgedateerde kwitansie wat die netto gewig van die melk wat gekoop is, aangee;

[Vir die toepassing van hierdie subparagraaf (f) beteken "fabriek" 'n kaasfabriek, sjokoladefabriek, kondensmelkfabriek, romery (botterfabriek), roomysfabriek, melkpoeierfabriek, afgeroomdemelkpoeierfabriek of lekkergoedfabriek.]

(g) moet 'n aërosol met inbegrip van 'n aërosolverf, verkoop word soos in paragraaf 1 (3) van Deel I van hierdie Bylae voorgeskryf;

(h) kan klewerige olies uitgesonderd smeerolies per gewig verkoop word;

(i) kan 'n massahoeveelheid vloeistof per gewigsmaat of kubieke inhoudsmaat by groothandeltransaksies verkoop word, uitgesonderd waar dit vir herverkoop in die kleinhandel voorsien word.

*Vrystellings*

4. Ondanks die bepalings van paragraaf 2 van hierdie Deel van hierdie Bylae, kan die goedere wat in hierdie paragraaf ingesluit is anders as per inhoudsmaat verkoop of gekoop word—

(1) 'n hoeveelheid van 'n likeur of 'n wyn wanneer dit uit 'n massahouer vir verbruik op die perseel bedien word;

(2) 'n hoeveelheid van 'n vloeistof waarop hierdie Deel van hierdie Bylae van toepassing is wanneer dit by die kleinmaat teen 'n prys van hoogstens 2½ sent verkoop word;

(b) liquid fuels or gases in steel cylinders shall be sold or purchased by measure of weight;

(c) mercury and concentrated liquid chemical substances with highly corrosive or poisonous properties, may be sold or purchased by measure of weight;

